Reïnkarnasie

G. J. Du Preez 072 1876 076

Reïnkarnasie / Re-inkarnasie

Reïnkarnasie beteken: Weer vleeswording, weer in 'n liggaam gestel te word, weer 'n gedaante of 'n nuwe gedaante verleen te word, herbou word in 'n nuwe vorm, aanneming na die dood van 'n stoflike gedaante en voortsetting van lewe op aarde, sielsverhuising, weer menswording, ens. Die eerste gedeelte van die woord is 'Rein of re', beteken tweede. Die tweede gedeelte 'Karnasie' beteken, Nabootsing of vleeskleur.

Hoor jy die betekenis:
1} Nabootsing: Ha satan kinders doen wat YAH se kinders doen.
2} Tweede beeld: Ha satan kinders dra 'n vals beeld wat YAH se kinders is.
3} Vleeskleur: Al Ha satan kinders [Jode, Hindoe, ens.] is welkom om YAH s'n te wees.
Slotsom is dat Ha satan in die plek van YAHUSHA wil wees, daarom die verleiding dat YAH gereïnkarneer as satan!?

Reïnkarnasie kom van die Hindoe geloof [Hindoeïsme] waarvan baie van hulle geloof sienings in "al" die ander gelowe op aarde is. Ha satan wat homself [behoorlik] uitleef tussen die Ismaeliete met hul geloof sienings het die hele aarde besmet. Hulle het behoorlik die fynste stappe van die Adamiete gevat en vir hulleself geassimileer. Ismael was ontsettend jaloers op sy 'broer' Isak, want hy het al gesien hoe hy alles erf van sy 'pa' Abraham. As jy Gen. 15:4 lees sien jy dat Ismael eintlik nie Abraham se kind was nie, maar eerder een van 'n werker of slaaf [Gen. 17:23]. In Gen.15:4 staan: *Toe kom die woord van YAH tot hom en sê: Hierdie een [Ismael] sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een [Isak]* ***wat uit jou liggaam*** *sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees*. Dus kom Ismael van 'n ander pa waarvan Abraham hom aangeneem het as sy eie, omrede hy op die ouderdom van 99 jaar nog nie 'n kind gehad het nie. Nog 'n rede is dat YAH nie teruggaan op Sy Woord nie, want Hy het gesê dat alle eerstelinge aan hom behoort, en dat 'n eersteling die geboortereg het teenoor sy nakomelinge. Dus as Ismael die eersgeborene was moes hy die erfgenaam wees, nie Isak nie! Dit eers daar gelaat.

Bo is genoem dat Ha satan die lewenswyse van die Yashar'EL [Adamiete] verorber het en dit aan sy nageslag gegee het [Jode, Indiërs, ens.]. Kom ons vat Skrif verwysings oor siel voortsetting in 'n nuwe gedaante. Aspris gaan ek die woord 'Inkarneer' gebruik om 'n stelling te maak soos in: *Matt.6:33 Maar soek eers die koninkryk van VADER en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word, m*.a.w. as jy by die Koninkryk van VADER uitkom [verstaan en kan verklaar] sal reg en geregtigheid toetree [YAHUSHA as Middelaar] sodat 'geboorte' van bo kan plaasvind.

*Joh.1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het [*by die poort van die Koninkryk van VADER*], aan hulle het Hy mag gegee om kinders van VADER te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; 1:13 wat <u>nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie</u>, [*die geboorte of 'inkarnasie' binne-in 'n uitverkore het, nie uit bloed of vlees ontstaan nie*] maar uit VADER gebore is. 1:14 En die Woord het vlees geword [*'inkarnasie'] *en het onder ons gewoon—en ons het Sy Lofwaardigheid aanskou, 'n Lofwaardigheid soos van die Eniggeborene [*'inkarnasie'*] wat van die Vader kom—vol van guns en waarheid. 1Pet. 1:23 want julle is wedergebore [*'inkarneer'*] nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van VADER wat tot in ewigheid bly. Joh. 3:3 YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore [*'reïnkarneer'*] word nie, kan hy die koninkryk van VADER nie sien nie. 3:4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? [*'reïnkarneer'*] Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore [*'inkarneer'*] word nie? voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore [*'inkarneer'*] word nie, kan hy die koninkryk van VADER nie sien nie. 3:5 YAHUSHA antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word [*'reïnkarneer'*] uit water en Gees nie, [* eenmaal uit normale geboorte en eenmaal uit VADER. *] kan hy in die koninkryk van VADER nie ingaan nie. 3:6 Wat uit die vlees gebore is, [*normale geboorte waarvan alles op aarde uit water, lewe ontvang*] is vlees; en wat uit die Gees gebore is, [*geboorte of uit VADER*] is gees. 3:7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore [*'geïnkarneer'*] word nie. 3:8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.*

Moet nou jouself nie verwonder oor die antwoord wat YAHUSHA vir *Nikodémus* gegee het deurdat hy 'inkarneer' moet word nie, want die Gees van VADER gaan in die waar HY wil, tog hoor jy van die Gees, maar jy weet niks van die Gees af nie. Jy weet nie dat 'inkarnasie' van VADER af kom en wat Hy met die 'inkarneer–de' maak nie. Elkeen wat geestelik 'inkarneer' is, doen net so. Hulle hoor VADER as HY spreek, hulle verstaan die Koninkryk van VADER, hulle erken YAHUSHA [YAH–SHA] as hul LOSSER wat hul Wetsoortredinge weggeneem het aan die folterpaal, en dat Hy weer gaan kom as YAH hulle Koning.

Soos ek genoem het, het ek die woord 'reïnkarneer of inkarneer' gebruik om my stelling te maak wat baie misbruik en verkeerd toepas, want daar is een siel (*Wat aan jou behoort*) een Gees (*Wat aan VADER behoort*) en een liggaam (*Wat aan die aarde behoort*). Daar kan nie een siel en klomp liggame wees nie, en verskillende geeste ook nog!

Dink net by jouself, 'n siel 'reïnkarneer' ,tog bly die hoeveelheid van die siel dieselfde, m.a.w. [hulle stelling] Nikodémus van ouds is nie vandag 10 duisend siele nie, maar nog steeds een siel, want hy word telkemaal weer gebore na dood in die vlees op aarde, dus is die vorige liggaam gereïnkarneer in nuwe liggame wat sy siel sal huisves tot in ewigheid.

Nou 'n vraag of twee nl.: Wie was dan in die doderyk toe YAHUSHA gesterf het? As dood ingetree het moes Hy tog 'n volgende liggaam aangeneem het, nie waar nie, m.a.w. 'n Liggaam tussen die lewendes op aarde, of sit die 'reïnkarnasie' manne met 'n gesplete siel? Toe YAHUSHA na die dode gegaan het, en weer opgestaan het, het Hy weer 'n ander Liggaam gevat of het Hy weer dieselfde een geneem wat Hy op aarde gehad het? Hy het mos aan Thomas en die ander Sy wonde getoon dat dit Sy ou liggaam was, nie waar nie! Wat van die siele toe YAHUSHA afgegaan het na die doderyk? Met hulle dood [afsterwe] verloor hulle hul vleeslike liggame op aarde; hulle siele is nou vasgevang in die doderyk. As die siele nou verskeie kere geïnkarneer het, hoe werk die oordeel dan!? Een siel klomp liggame, waarvan die siel die een is wat geoordeel gaan word!, m.a.w. jy kan maar 'n wetsoortreder wees, want iewers op die aardse lewe sal jy ophou met oortredinge, dus is daar nie 'n hel nie, want daar is te veel kanse om dit vry te spring!! Lees gerus oor die hel in Matt. 5:29,30; 10:28; 23:15,33; 2Pet.2:4

Ps. 146:4 Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Psa. 146:4 His breath[7307] goeth forth,[3318] he returneth[7725] to his earth;[127] in that very[1931] day[3117] his thoughts[6250] perish.[6]

And his H7307 רוּחַ rûach goeth forth.. YAH se asem [wat die krag van VADER verteenwoordig] gaan uit die mens uit, dan keer die liggaam terug na YAH se aarde toe, m.a.w. die [rûach / asem] krag wat die liggaam laat lewe het, keur terug na die Gewer. *Job. 34:14 As Hy op Homself ag sou gee, Sy Gees en Sy asem na Hom sou terugtrek,* [YAH se Gees en YAH se asem] *Pred. 12:7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na Skepper terugkeer wat dit gegee het. Ps.104:29 U verberg U aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.*

Om geboorte van bo te koppel aan reïnkarnasie is verkeerd. Reïnkarnasie beteken tog: Weer vleeswording, weer in 'n liggaam gestel te word, ens. Ons kan nie praat van die vleeslike nie maar wel die geestelike. Wat wel gebeur is dat VADER die innerlike eie ek [siel] weer 'n gedaante of 'n nuwe gedaante binne jou verleen, dat dit herbou kan word in 'n nuwe vorm, dat die oue eers moet dood gaan soos 'n koringaar [Joh.12:24] en 'n voortsetting van die lewe kan hê op aarde.

Ons as die uitverkore in SA; Het ons al geboorte van bo ontvang ?
Het Eseg.36:24 al gebeur, nl.: *En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. 36:27 En Ek sal My Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in My insettinge wandel en My verordeninge onderhou en doen.*

Die Geboorte van bo behoort slegs aan die Uitverkore bloedlyn wat YAH daar gestel het. Ons moet YAH as Koning begeer, ons moet Sy VADER wat ons VADER ook is ken en dat ons SY Koninkryk moet verstaan en verklaar. *[Matt. 15:24,26]*

Ter afsluiting; Ons as kinders van Abraham, Isak en Jakob (*Ons as die 12 seuns*) moet besef dat ons die Gees reeds in Adam ontvang het; Dat dié 'Gees' latent lê en wag op jou sodat dit oorgegee kan word aan YAHUSHA ons Koning. YAHUSHA het op Sy dissipels / siele geblaas sodat VADER se Gees uit latentheid kan kom (Joh.20:22)

Nou kom die derde en finale stadium en dit is 'die geboorte' wat van VADER kom. Dié geboorte sal eers in die duisend jaar van vrede wees. Tans moet ons onsself voorberei soos 'n bruid vir haar man. Die dag van huwelik (*Duisend jaar van vrede*) sal die huwelik volstrek word en die huwelikspaar sal dan as een die pad vorentoe kan stap. So ons as 'n indiwidu of as volk (bruid) moet verootmoedig dat skoon water op ons gegiet kan word. Nie 'reïnkarnasie' nie, want dit is van die duiwel, maar wel voorberei om oor te gaan in 'n lofwaardige-liggaam.

Gebed tot uitkoms.

In die Naam van YAHUSHA, o VADER, bid ons in ons nood. Sien ons aan, help ons, want ons is te eenvoudig om onsself te help. Ons roep U aan o VADER, dat U, YAH U Seun, sal stuur dat Hy ons kan red uit die chaos wat ons in is. Ons erken en sien die Wetsoortredinge, daarom help ons dat die drekgode uit ons land vernietig sal word. Ons smeek 'n nuwe hart in ons binneste. Ons begeer U Gees binne ons, nie 'n ander vleeslike liggaam nie, maar 'n nuwe skoon gemaakte siel. Ons wil verklaar dat die ou siel dood is en die nuwe aan U behoort. Asseblief o VADER verhoor tog ons roep na uitkoms in U Seun YAHUSHA ons Losser HalleluYAH.

Bedink dit